

Publication: Rekord Pretoria Far East (Main)
Publication Date: 29 Jun 2018
Page: 24

AVE: 27545.06
Circulation: 79210
Part: 1 of 1







# Nuwe Superliga eindig in meer as een klimaks

**Koos Venter**

Meer as een opwindende klimaks lê voor in die nuwe Carltonbeker-Superliga.

Die stryd tussen Tukkies en ABE Midas Naka Bulle op 21 Julie, wat die wenner van die 2018 Carltonbeker gaan bepaal, is nié die enigste hoogtepunt nie.

Sake het só uitgewerk dat daar inderdaad ook twee nie-amptelike kwarteindstryde gaan plaasvind.

In hierdie twee wedstryde sal alle oë wees op Quins-Bobbies Rugbyklub (QBR) en Centurion, wat in 'n hewige stryd gewikkel is om die vierde posisie op die punteleer, wat ook 'n plek in die Superliga-halfeindstryd beteken.

Ná die afgelope naweek se aksie, waartydens Centurion volpunte verdien het met hul oorwinning van 45-27 oor QBR, sal dié twee klubs se onderskeie laaste ligawedstryde bepaal watter een van die twee die vierde kandidaat in die Superliga-halfeindstryde gaan wees.

Centurion het tans 29 ligapunte en is in die vyfde plek op die Superliga-punteleer. Hulle het die moeilikste taak van die twee, omdat hulle Tukkies op 14 Julie moet klop om hul halfeindstryd-hoop lewend te hou.

Dan sal Centurion ook moet hoop dat Rustenburg Impala op 21 Julie met QBR afreken én dat die Noordwesters dit boonop só doen dat QBR geen bonuspunte verdien nie.

Die manne van Groenkloof, wat Saterdag een baie belangrike ligapunt vir hul vier drieë teen Centurion verdien het, is vierde met 33 punte.

Hulle het net twee ligapunte nodig om hul plek in die halfeind te bespreek.

Dit beteken 'n gelykop-uitslag of 'n nederlaag met minder as sewe punte én vier drieë in hul guns teen Impala sal genoeg wees vir Gert Mulder en Johan Kluyts se manne om vierde te eindig .

Dan sal hulle Tukkies se teenstander in die halfeindstryd wees.

Saterdag se stryd tussen QBR en Centurion was weer 'n bewys van die besonder hoë standaard van rugby in die nuwe Superliga.

Die aksie was deurgaans genadeloos en kliphard.

Al het Pretoria net vier topklubs wat op dié vlak kan meeding, is daar spelers wat selfs goed genoeg is vir Curriebekerrugby.

Nadat die rustydtelling nog 17-19 in Centurion se guns was, het Riaan Brand se manne eers in die laaste vyftien minute die oorhand gekry.

Hul beweeglike voorspelers was 'n groot bate in die wedstryd.

Centurion het drie keer gaan druk in die laaste kwartier.

Die stryd tussen ABE Midas Naka Bulle en Rustenburg Impala, wat met 25-10 deur die Noordwesters gewen is, was net van akademiese belang.

Dié twee spanne se tweede (ABE Midas Naka Bulle) en derde (Impala) plekke op die punteleer is reeds voor die wedstryd bepaal.

Hulle sal dus ook in die halfeindstryd teen mekaar te staan kom.

ABE Midas Naka Bulle sal so gou moontlik van hierdie nederlaag wil vergeet en ernstig begin konsentreer op hul voorbereiding vir hul stryd teen Tukkies op 21 Julie, wat die wenner van die Carltonbeker sal bepaal.



Centurion se puntemakers in Saterdag se opwindende stryd teen QBR was, van links: Ettienne Matthys (een drie), Christiaan Burger (twee drieë), Curtley Brinkhuis (een drie), Gaybrin Smith (vyf doelskoppe), Eugene Cunha (een drie), Trevor Smith (een drie) en JP du Plessis (een drie). **Foto: Koos Venter.**


This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.